

Grade van Geloof – Hermie van Zyl

Giepie vra:

Watse grade van geloof kry mens?

Antwoord

Prof. Hermie van Zyl antwoord:

Die vraag impliseer 'n algemene wanpersepsie oor geloof: dat geloof 'n goeie werk of prestasie van die mens is. En soos wat mense verskil – almal het nie dieselfde vermoëns nie en presteer gevolglik verskillend – so is daar dan ook verskillende grade van geloof. Die een se geloof sal dan sterker wees as die ander s'n, en daarom is party mense beter gelowiges as ander, of word as voorbeelde van sterk geloof voorgelê wat ons moet nastreef.

Hierdie opvatting van geloof vind nogal “steun” in die Bybel, ten minste as sekere tekste op 'n bepaalde (verkeerde) manier verstaan word. Kyk na die volgende voorbeelde:

- Die dissipels vra Jesus om vir hulle meer geloof te gee (Luk 17:5). So asof hulle graad van geloof onvoldoende is om Hom te volg. Hulle het daarom meer geloof nodig. Waarop Jesus antwoord (v6) dat mens nie “meer” geloof nodig het nie, maar bloot die geloof van 'n mosterdsaadjie benodig. (Mosterdsaad was die kleinste soort saad wat daar was, maar het uiteindelik tot 'n groot boom gegroei, Matt 13:31-32.) Die bedoeling is: dit gaan nie oor hoe groot jou geloof is nie – dit kan maar klein wees, soos 'n mosterdsaadjie – maar oor in Wie jy glo.
- In Matt 15:28 sê Jesus aan die Kanaänitiese vrou: “jou geloof is groot ...”, waaruit mens die afleiding sou kon

maak dat daar verskillende soort geloof is: klein en groot. Jesus beloon dus haar groot geloof deur haar te help. En dit sou dan die rede wees waarom Hy ander wie se geloof nie groot genoeg was nie, nie gehelp het nie. Die punt is egter eerder: Jesus was beïndruk met die feit dat sy, ten spyte daarvan dat Hy haar eintlik bietjie afgesit het (kyk v24,26), nogtans volhard het om te glo dat *Hy* haar sal help. Jesus “beloon” haar vertroue in *Hom*, nie haar sterk geloof nie.

- ‘n Soortgelyke geval tref ons aan in Matt 8:10. ‘n Heiden – ‘n Romeinse offisier – vra Jesus om sy slaaf te kom genees. En die man aanvaar dat Jesus oor soveel gesag beskik dat Hy dit sommer oor ‘n afstand kan doen; Hy hoef maar net ‘n woord te spreek. Jesus prys daarom die offisier deur op te merk dat Hy, Jesus, selfs onder die Jode nie so ‘n groot geloof aangetref het nie. Dis egter nie ‘n “graad van geloof” wat die genesing veroorsaak nie, maar Jesus Self, wat reageer op die onwrikbare vertroue wat iemand in *Hom*
- In 1 Kor 10:15 spreek Paulus die wens uit dat die Korintiërs se geloof sal toeneem, so asof ‘n mens se geloof eers klein begin en dan mettertyd groei en groter word (in graad toeneem). Maar wat Paulus bedoel, is dat hulle verhouding met en navolging van Jesus hefter sal word soos wat die tyd voortgaan. Dis dieselfde geloof as aan die begin, maar die vertroue *in Jesus* is deur verskillende omstandighede heen getoets, geslyp en verdiep.
- Jesus noem die dissipels soms “kleingelowiges” (Matt 6:30; 8:26; 14:31), spesifiek in situasies waar hulle *Hom* nie vertrou het nie, terwyl hulle moes. Dis egter nie ‘n “graad van geloof” by die dissipels wat in iets anders of beter moet ontwikkel nie, maar bloot ‘n gebrek aan insig en vertroue in Jesus wat hier deurslaan. Die belangrike is, ten spyte van hulle kleingeloof is hulle steeds gelowiges en navolgers van *Jesus* en word hulle volledig deur *Hom* aanvaar.

Benewens hierdie Bybelse “voorbeelde” van “grade van geloof”, is daar ook nog ons populêre manier van praat, waar ons allerlei byvoeglike naamwoorde of bywoorde by geloof voeg, wat maak dat ons dink dat daar verskillende grade van geloof is. Ons praat byvoorbeeld van mense wat *waarlik* glo (teenoor mense wat maar net “gewoonweg” glo), of van iemand wat ‘n *sterk* geloof het, of iemand anders wat ‘n *swak* geloof het. Dis ‘n populêre manier van praat waardeur die wanopvatting versterk word dat daar verskillende soorte of grade van geloof is.

Die punt wat ek probeer maak, is dat ons die gedagte van “grade van geloof” heeltemal moet laat vaar. Dis ‘n verkeerde kyk na geloof; dit lei ons net op ‘n dwaalspoor. Dit plaas die klem en fokus op ‘n verkeerde plek. Hoekom? Omdat die aard van geloof sodanig is dat dit ‘n “leë” handeling is. Ja, dis wel die mens wat glo, maar geloof is nie ‘n menslike kapasiteit of prestasie wat ons vir God kan aanbied op grond waarvan Hy ons genadig moet wees nie. Geloof verwag eerder alles van *God*; dis gerig op *God/Jesus*. Paulus se stryd met die Jode van sy tyd was juis dat hulle gedink het dat godsdiens ‘n prestasie is, ‘n blink poets van jouself. En dan, as jy aanvaarbaar genoeg is, as jy die wet getrou genoeg nakom, dan sien God jou pogings raak en dan red Hy jou. Nee, dis menslike arrogansie. Dis ‘n manier van “handjie bysit” om God te probeer beïndruk. Dis juis *nie* menslike godsdienstige prestasie, of ‘n gebrek daaraan, wat bepaal of ‘n mens deur God aanvaar word of nie. Geloof is bloot ‘n instrument om die krag van God vry te laat of in werking te stel in jou lewe. Geloof is om afstand te doen van jou eie vermoëns, dis om weg te kyk van jouself en jou volkome te verlaat op dit wat Jesus kan doen. Hoe meer jy na jou eie vermoëns kyk, hoe swakker word jou geloof; hoe meer jy die oog op Jesus gevestig hou, hoe “sterker” word jou geloof, hoe meer vul Hy jou denke, wese, lewe. Dink aan Petrus toe hy op die see loop. Aanvanklik gaan dit goed, maar toe hy die wind en golwe sien, toe word hy bang en begin twyfel aan homself, en toe begin hy sink. Wat hy moes gedoen het, was net om die oog gevestig te hou op Jesus. Want dis *Jesus* wat op die

water kan loop, nie Petrus nie. Geloof laat jou by wyse van spreke op water loop – nie omdat jy kan nie, maar omdat *Jesus* kan. Geloof vermag die onmoontlike, omdat dit God se krag vrylaat. Geen wonder nie dat Heb 12:2 sê dat ons in die geloofstryd alle laste moet afwerp en die oog gevestig hou op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof.

Hierdie Bybelse siening van geloof kan ook op 'n ander manier verwoord word. Ja, ons kan wel sê dat ons deur geloof gered word, maar dit is ook nog vatbaar vir misverstand. Dis nie ons sterk geloof wat ons red nie. Nee, dis God/Jesus wat red. Maar Hy gebruik geloof om ons te laat afsien van onself en volledig op Hom te laat vertrou. So gesien kan ons sê dat geloof nie die *grond* van ons redding is nie, maar wel die *middel* of *instrument*. Die *grond* of *rede* vir ons redding is God in Jesus Christus, deur die werk van die Heilige Gees. Geloof is maar net 'n manier om daardie redding te omhels. Daarom dat ons sê dat geloof 'n leë handeling is. Dis nie 'n goeie werk van die mens waarvoor ons beloon word nie. As ons dus sê dat ons deur geloof gered word, is dit eintlik so dat ons deur-geloof-in-Jesus-Christus gered word. Dis die volledige bewoording. Dis Jesus wat red, nie ons geloof nie. Selfs waar die Bybel net die woordjie geloof gebruik, is die veronderstelling altyd dat dit oor geloof in Jesus gaan. Dís die volledige prentjie.

So gesien word die aard van geloof eintlik die beste uitgedruk deur die man wat vir Jesus vra om sy seun gesond te maak, as dit moontlik is (Mark 9:20-24). Toe sê Jesus: “Alles is moontlik vir die een wat glo.” Waarop die man uitroep: “Ek glo; kom my ongeloof te hulp”. Hiermee het die man eintlik alles van geloof gesê. Dis nie ons “sterk” geloof wat dinge laat gebeur nie. Ons hoef eintlik nie eens vreeslik te glo nie. Ons kan maar net na Jesus kom met ons “swak” geloof en selfs “ongeloof”. Solank ons net glo dat *Jesus* kan. Want Hy is die Een wat red, wat die verskil maak, nie ons sterk of swak geloof nie.

Laastens, waarom is dit so dat sommige gelowiges oënskynlik “beter vaar” as ander? Dis beslis nie omdat daar grade van geloof is nie. As dit waar is dat sommige gelowiges beter vaar as ander, is dit omdat hulle Jesus beter vertrou, omdat hulle toelaat dat Hy meer beheer oorneem van hulle lewe. Die gevolge van so ‘n beheer oorgee aan Jesus is altyd dat daar groter visie, geduld, volharding, liefde, erbarming, gehoorsaamheid – ja, die volle vrug van die Gees – in ‘n mens se lewe na vore kom. Dis nie omdat die een se geloof (as ‘n soort geestelike of persoonlike kwaliteit en inspanning) sterker is as ander nie, maar omdat daar meer op Jesus gekonsentreer word en minder op die self.

Skrywer: [Prof Hermie van Zyl](#)

Grade van geloof – Hermie van Zyl

Giepie vra:

Watse grade van geloof kry mens?

Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord:

Die vraag impliseer ‘n algemene wanpersepsie oor geloof: dat geloof ‘n goeie werk of prestasie van die mens is. En soos wat mense verskil – almal het nie dieselfde vermoëns nie en presteer gevolglik verskillend – so is daar dan ook verskillende grade van geloof. Die een se geloof sal dan sterker wees as die ander s’n, en daarom is party mense beter gelowiges as ander, of word as voorbeelde van sterk geloof

voorgehou wat ons moet nastreef.

Hierdie opvatting van geloof vind nogal “steun” in die Bybel, ten minste as sekere tekste op ‘n bepaalde (verkeerde) manier verstaan word. Kyk na die volgende voorbeelde:

- Die dissipels vra Jesus om vir hulle meer geloof te gee (Luk 17:5). So asof hulle graad van geloof onvoldoende is om Hom te volg. Hulle het daarom meer geloof nodig. Waarop Jesus antwoord (v6) dat mens nie “meer” geloof nodig het nie, maar bloot die geloof van ‘n mosterdsaadjie benodig. (Mosterdsaad was die kleinste soort saad wat daar was, maar het uiteindelik tot ‘n groot boom gegroei, Matt 13:31-32.) Die bedoeling is: dit gaan nie oor hoe groot jou geloof is nie – dit kan maar klein wees, soos ‘n mosterdsaadjie – maar oor in Wie jy glo.
- In Matt 15:28 sê Jesus aan die Kanaänitiese vrou: “jou geloof is groot ...”, waaruit mens die afleiding sou kon maak dat daar verskillende soort geloof is: klein en groot. Jesus beloon dus haar groot geloof deur haar te help. En dit sou dan die rede wees waarom Hy ander wie se geloof nie groot genoeg was nie, nie gehelp het nie. Die punt is egter eerder: Jesus was beïndruk met die feit dat sy, ten spyte daarvan dat Hy haar eintlik bietjie afgesit het (kyk v24,26), nogtans volhard het om te glo dat Hy haar sal help. Jesus “beloon” haar vertrouwe in Hom, nie haar sterk geloof nie.
- ‘n Soortgelyke geval tref ons aan in Matt 8:10. ‘n Heiden – ‘n Romeinse offisier – vra Jesus om sy slaaf te kom genees. En die man aanvaar dat Jesus oor soveel gesag beskik dat Hy dit sommer oor ‘n afstand kan doen; Hy hoef maar net ‘n woord te spreek. Jesus prys daarom die offisier deur op te merk dat Hy, Jesus, selfs onder die Jode nie so ‘n groot geloof aangetref het nie. Dis egter nie ‘n “graad van geloof” wat die genesing veroorsaak nie, maar Jesus Self, wat reageer op die

onwrikbare vertroue wat iemand in *Hom*

- In 1 Kor 10:15 spreek Paulus die wens uit dat die Korintiërs se geloof sal toeneem, so asof 'n mens se geloof eers klein begin en dan mettertyd groei en groter word (in graad toeneem). Maar wat Paulus bedoel, is dat hulle verhouding met en navolging van Jesus hefter sal word soos wat die tyd voortgaan. Dis dieselfde geloof as aan die begin, maar die vertroue *in Jesus* is deur verskillende omstandighede heen getoets, geslyp en verdiep.
- Jesus noem die dissipels soms “kleingelowiges” (Matt 6:30; 8:26; 14:31), spesifiek in situasies waar hulle Hom nie vertrou het nie, terwyl hulle moes. Dis egter nie 'n “graad van geloof” by die dissipels wat in iets anders of beter moet ontwikkel nie, maar bloot 'n gebrek aan insig en vertroue in Jesus wat hier deurslaan. Die belangrike is, ten spyte van hulle kleingeloof is hulle steeds gelowiges en navolgers van *Jesus* en word hulle volledig deur Hom aanvaar.

Benewens hierdie Bybelse “voorbeelde” van “grade van geloof”, is daar ook nog ons populêre manier van praat, waar ons allerlei byvoeglike naamwoorde of bywoorde by geloof voeg, wat maak dat ons dink dat daar verskillende grade van geloof is. Ons praat byvoorbeeld van mense wat *waarlik* glo (teenoor mense wat maar net “gewoonweg” glo), of van iemand wat 'n *sterk* geloof het, of iemand anders wat 'n *swak* geloof het. Dis 'n populêre manier van praat waardeur die wanopvatting versterk word dat daar verskillende soorte of grade van geloof is.

Die punt wat ek probeer maak, is dat ons die gedagte van “grade van geloof” heeltemal moet laat vaar. Dis 'n verkeerde kyk na geloof; dit lei ons net op 'n dwaalspoor. Dit plaas die klem en fokus op 'n verkeerde plek. Hoekom? Omdat die aard van geloof sodanig is dat dit 'n “leë” handeling is. Ja, dis wel die mens wat glo, maar geloof is nie 'n menslike kapasiteit of prestasie wat ons vir God kan aanbied op grond waarvan Hy ons

genadig moet wees nie. Geloof verwag eerder alles van *God*; dis gerig op *God/Jesus*. Paulus se stryd met die Jode van sy tyd was juis dat hulle gedink het dat godsdiens 'n prestasie is, 'n blink poets van jouself. En dan, as jy aanvaarbaar genoeg is, as jy die wet getrou genoeg nakom, dan sien God jou pogings raak en dan red Hy jou. Nee, dis menslike arrogansie. Dis 'n manier van "handjie bysit" om God te probeer beïndruk. Dis juis *nie* menslike godsdienstige prestasie, of 'n gebrek daaraan, wat bepaal of 'n mens deur God aanvaar word of nie. Geloof is bloot 'n instrument om die krag van God vry te laat of in werking te stel in jou lewe. Geloof is om afstand te doen van jou eie vermoëns, dis om weg te kyk van jouself en jou volkome te verlaat op dit wat Jesus kan doen. Hoe meer jy na jou eie vermoëns kyk, hoe swakker word jou geloof; hoe meer jy die oog op Jesus gevestig hou, hoe "sterker" word jou geloof, hoe meer vul Hy jou denke, wese, lewe. Dink aan Petrus toe hy op die see loop. Aanvanklik gaan dit goed, maar toe hy die wind en golwe sien, toe word hy bang en begin twyfel aan homself, en toe begin hy sink. Wat hy moes gedoen het, was net om die oog gevestig te hou op Jesus. Want dis *Jesus* wat op die water kan loop, nie Petrus nie. Geloof laat jou by wyse van spreke op water loop – nie omdat jy kan nie, maar omdat *Jesus* kan. Geloof vermag die onmoontlike, omdat dit God se krag vrylaat. Geen wonder nie dat Heb 12:2 sê dat ons in die geloofstryd alle laste moet afwerp en die oog gevestig hou op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof.

Hierdie Bybelse siening van geloof kan ook op 'n ander manier verwoord word. Ja, ons kan wel sê dat ons deur geloof gered word, maar dit is ook nog vatbaar vir misverstand. Dis nie ons sterk geloof wat ons red nie. Nee, dis God/Jesus wat red. Maar Hy gebruik geloof om ons te laat afsien van onself en volledig op Hom te laat vertrou. So gesien kan ons sê dat geloof nie die *grond* van ons redding is nie, maar wel die *middel* of *instrument*. Die *grond* of *rede* vir ons redding is God in Jesus Christus, deur die werk van die Heilige Gees. Geloof is maar net 'n manier om daardie redding te omhels. Daarom dat

ons sê dat geloof 'n leë handeling is. Dis nie 'n goeie werk van die mens waarvoor ons beloon word nie. As ons dus sê dat ons deur geloof gered word, is dit eintlik so dat ons deur-geloof-in-Jesus-Christus gered word. Dis die volledige bewoording. Dis Jesus wat red, nie ons geloof nie. Selfs waar die Bybel net die woordjie geloof gebruik, is die veronderstelling altyd dat dit oor geloof in Jesus gaan. Dís die volledige prentjie.

So gesien word die aard van geloof eintlik die beste uitgedruk deur die man wat vir Jesus vra om sy seun gesond te maak, as dit moontlik is (Mark 9:20-24). Toe sê Jesus: "Alles is moontlik vir die een wat glo." Waarop die man uitroep: "Ek glo; kom my ongeloof te hulp". Hiermee het die man eintlik alles van geloof gesê. Dis nie ons "sterk" geloof wat dinge laat gebeur nie. Ons hoef eintlik nie eens vreeslik te glo nie. Ons kan maar net na Jesus kom met ons "swak" geloof en selfs "ongeloof". Solank ons net glo dat *Jesus* kan. Want Hy is die Een wat red, wat die verskil maak, nie ons sterk of swak geloof nie.

Laastens, waarom is dit so dat sommige gelowiges oënskynlik "beter vaar" as ander? Dis beslis nie omdat daar grade van geloof is nie. As dit waar is dat sommige gelowiges beter vaar as ander, is dit omdat hulle Jesus beter vertrou, omdat hulle toelaat dat Hy meer beheer oorneem van hulle lewe. Die gevolge van so 'n beheer oorgee aan Jesus is altyd dat daar groter visie, geduld, volharding, liefde, erbarming, gehoorsaamheid – ja, die volle vrug van die Gees – in 'n mens se lewe na vore kom. Dis nie omdat die een se geloof (as 'n soort geestelike of persoonlike kwaliteit en inspanning) sterker is as ander nie, maar omdat daar meer op Jesus gekonsentreer word en minder op die self.

Skrywer: [Prof Hermie van Zyl](#)

Geloofsekerheid – Francois Malan

'n Leser vra:

Hoe weet 'n mens verseker dat jy hemel toe gaan?

Antwoord

Prof Francois Malan antwoord:

Dit is 'n geloofsekerheid. Die Johannes Evangelie praat van die lewe in hemel as die ewige lewe wat nou reeds begin vir hulle wat in Jesus Christus glo as die Seun van God wat vir hulle sondes gesterf het.

1 Johannes 5:10-13 sê: Wie in (Jesus) die Seun van God glo, besit die getuienis in homself, die getuienis wat God oor sy Seun gelewer het, naamlik dat God die ewige lewe vir ons gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het nie die lewe nie. Dit het ek (Johannes) aan julle geskryf sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Naam (dit is in die persoon) van die Seun van God glo.

Die ewige lewe is aan Jesus, die Seun van God verbind. Wie glo dat Jesus self God is wat vir al die sonde van die wêreld gesterf het, het reeds aandeel aan die ewige lewe. Elkeen wat aan Jesus verbind is deur in Hom te glo, word deel van die ewige lewe wat in Hom is omdat Hy, soos die Vader, die ewige God is (vgl Johannes 1:1-4).

Johannes 3:16 sê: Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Die Heilige Gees het gekom om die wêreld te oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel (Johannes 16:8-11):

16:9 van sonde omdat hulle nie in Jesus glo nie,

16:10 van geregtigheid – dit beteken om in die regte verhouding tot God die Vader te wees, deur te glo in Jesus wat as die lam van God vir die sonde van die wêreld gesterf het (Johannes 1:29). Die Heilige Gees oortuig ons deur die Woord van God dat Jesus as God en mens vir ons mense se sondes gesterf het, en dit is ons verantwoordelikheid om te besluit om dit te glo en daarvolgens te lewe.

Efesiërs 2:8 sê: 'Uit genade is julle verlos, deur geloof. En dit kom nie uit julle self nie; dit is die gawe van God.' Ons geloof in die Here Jesus as ons Verlosser kom deur die oortuigingswerk van die Heilige Gees wat in ons kom woon sodat ons in Jesus as ns Verlosser van sonde kan glo.

Jesus is die Seun van God, en almal wat aan Hom verbind is deur geloof in Hom word saam met Hom kinders van God, deel van God se gesin (lees Romeine 8:14-17).

16:11 van oordeel, omdat die heerser van hierdie wêreld (die Satan) reeds geoordeel is – daarom kom ons nie in die oordeel nie. Johannes 3:36: Wie in die Seun glo het die ewige lewe, maar wie aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie; intendeel, die toorn van God bly op hom.

In Johannes 14:23 sê Jesus: 'As iemand My liefhet, sal hy ter harte neem wat Ek sê, en my Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom woon.' Dit het Hy gesê nadat Hy reeds in 14:16-17 belowe het: 'Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Helper gee sodat Hy vir ewig by julle kan wees. Hy is die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat die wêreld Hom nie sien nie en ook nie ken nie. Julle ken Hom egter, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.' Deur die inwoning van die Heilige Gees in ons, is die Vader en die Seun ook teenwoordig in ons.

In Johannes 17:3 sê Jesus in sy gebed tot sy Vader: 'En dít is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enigste ware God, en ook Hom wat U gestuur het – Jesus Christus.' Die ewige lewe is 'n lewe in die liefdesgemeenskap van God: Vader, Seun en Heilige Gees – God is liefde (1 Johannes 4:8,16), dit is die verhouding tussen die Vader en die Seun en die Gees, en van hulle tot die wêreld (Joh 3:16).

Jesus het die nag voor sy sterwe vir ons sonde, vir sy dissipels gesê: 'Ek gee julle 'n nuwe opdrag: julle moet mekaar liefhê. Net soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Dit is hoe almal sal weet dat julle my dissipels is – as julle liefde teenoor mekaar het' (Johannes 13:34-35); en: 'groter liefde as dít het niemand nie, dat iemand sy lewe aflê vir sy vriende' (15:12-14).

Aan ons liefde vir mekaar, en selfs vir ons vyande (Matteus 5:43-48) kan ons weet dat ons kinders van God is, deur ons geloofsverbondenheid aan sy Seun en aan mekaar deur die liefde wat God in ons werk deur sy Gees (vgl. die vrug van die Gees se werk in ons volgens Galasiërs 5:22-23).

In Johannes 10:27-28 sê Jesus: 'My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal tot in ewigheid nooit verlore gaan nie en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.'

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Geloof wat misplaas is

O Lord, what am I to myself without you, but a guide to my own downfall. – Augustine

Geloof wat misplaas is

C. Christopher Smith en John Pattison het onlangs 'n boek, *Slow Church*, geskryf wat besig is om baie aandag te geniet. Ek gaan 'n aantal blogs aan hierdie boek spandeer.

Willie James Jennings praat in sy boek *The Christian Imagination* van "disembodied" godsdiens en die skadelike gevolge van so 'n vorm van godsdiens. Dit verbeel 'n Christelike identiteit wat bo die land, diere, plek en ruimte sweef. Hierdie tipe godsdiens ontken die werklikhede van plek.

Dit verseker dat ons interaksie met die skepping deur materialisme, kapitalisme en individualisme dikteer sal word – iets anders as die Skrif. Dit lei tot baie sosiale en ekologiese ongeregtighede.

Hierdie toename in mobiliteit lei tot 'n verandering in die organisasie van die kerk. In die verlede het die mense die kerk naaste aan hulle bygewoon. Nou is keuse primêr. Die

gevolg is dat gemeentes gou deur hulle homogeniteit gedefinieer word. Vooruitgang in tegnologie en infrastruktuur, saam met die etos van verbygaandheid, maak dit baie maklik om net 'n nuwe gemeente te kry as konflik ontstaan. Ons bly nie meer en werk deur die konflik nie. As ons voorkeur aan ons storie eerder as aan die storie van God se werk in die kerk gee, verloor ons die motivering en later die vermoë om deur moeilike omstandighede te werk.

Soos ons dieper in ons geloofsgemeenskappe groei – meer gewortel in 'n plek word – is dit belangrik om ruimte te skep waar ons openlik kan praat. Ons moenie weghardloop van konflik nie, ons moenie dit vir die teenstanders so moeilik maak dat hulle sommer net oorgee nie – ons moet saam deur ons probleme werk. Gesprekke lei nie altyd tot 'n ooreenkoms nie, maar dit bou vertrouwe – veral met diegene van wie ek verskil het.

Volgende keer kyk ons na die mobiliteit van kerke.